In die Mei 2022 nuusbrief:

Onder arm foto? - Blog - Die aandag is op jou!

In my ballon

Middelburg-Karoo is ‘n klein dorpie, met beperkte verskeidenheid in die winkels. Gaan ons na ‘n groter dorp, doen ons sterk inkopies by ‘n Clicks of PnP.
Anthonie stuur ‘n boodskap: *Foto onder arm.*
Ek reageer: *Huh?*
Hy: *Aankope Clicks*.
Ek wou weer met ‘n Huh reageer, maar laat Anthoon toe ‘n foto neem van pols tot elmboog.
Wat wil my enigste nou koop?
Hy besef toe sy vaak vrou het ‘n minder kriptiese boodskap nodig: *Wat gebruik jy vir roll on onder arms.*

Ons is by ‘n kruispad met my ouers (96 en 89 jaar oud) se versorging. Hulle kan nie meer alleen funksioneer nie. Dis moeilik. Dis hard. Ongemaklike aanpassing is nodig, waarin hulle privaatheid en onafhanklike gees erken en beskerm moet word. Ek wil nie so oud word nie!

Het jy geweet?

Ons as skrywers stoei ook maar met ons “besigheid”, hoor. In die weg tyd met vakansie, het ek ’n skitterende artikel gelees oor ’n skrywer se verwagtinge. Dis waar dat elke skrywer sy boek wil laat vlieg, duisende kopieë verkoop... maar die realiteit is nie dit nie. Sommige kry na jare se skryf ’n gaping, ander nooit. Die aanbeveling was om diep te delf na wie jy is, wat wil jy regtig bereik, uitgesluit hierdie fame/geldmaak. En myne, het ek besluit, is dat ten minste een iemand homself moet vereenselwig met ’n karakter en dat die karakter wat groei, daardie persoon sal motiveer om te groei.

Elkeen van julle het ‘n gunsteling skrywer. Gaan lees bietjie oor sy/haar agtergrond, want dis ‘n mens wat agter daardie rekenaar inklim en die sinne saamstel.

Wat het intussen gebeur?

Ek het ‘n blog begin en plaas kort artikels slegs 2x per week. Die klem is op kort. Dit gaan nie oor my boeke of bemarking nie. Ek skryf oor insidente of interessante gebeure in die lewe. Die klem lê op kort.
Die naam van my blog: Die lewe gebeur.
Die slagspreuk: We can’t always choose the wat life plays for us, but we can choose how we dance.
Die lewe is nie eenvoudig nie. Wie s’n is? Daar land ongemaklike goed op ons skote. Wat doen ons daarmee?
Ek het al vir sommige van julle ‘n uitnodiging gestuur, want dis die maklikste manier om dit in jou *Inbox* te ontvang. As jy saam wil lees/kuier, kan jy die uitnodiging aanvaar.

Op my agenda?

ONTFROMMEL lê nog steeds by my. Ek maak myself moedeloos.
Ek lees baie artikels... soos vir indiensopleiding. Sien ek dan ‘n waarheid wat ek wil implementeer... dan takel ek Ontfrommel weer van vooraf. Ek sal nog by die punt kom waar ek sê: Daar gaat jy nou.

Ek het ingeskryf vir ‘n groot kompetisie wat oor 10 weke strek. Ek het geen idee wat die werkstukke/opdragte behels nie, maar hey... as ek nie probeer nie, kry ek niks.
Die lekker groot prys is ‘n wortel, maar die leer geleentheid is enorm. My vingers gaan oortyd werk vanaf 30e Mei.

Die aandag is nou op jou!

Daar was weer ‘n groot geleentheid vir gratis rillers... maar in e-boek formaat. Ek was te laat om die nuus by julle uit te kry. Ek wil graag weet wie van julle lees e-boeke?

Groetnis!



My kontakbesonderhede:
Tel: 0769216174 (ook vir Whatsapp)
skryf@elsabewelman.co.za
www.elsabewelman.co.za
Raak ook my vriend op:

GRATIS BOEK TOT EINDE MEI: Elke nuwe intekenaar op my maandelikse nuusbrief kan 'n gratis kopie van FILTERVLINDER ontvang. Laat jou eposadres onder in Comments of verskaf dit in Messenger. Kontakbesonderhede ook op www.elsabewelman.co.za
#gratis #Afrikaans #afrikaanseboek #lekkerlees #Leser #afrikaansisgroot #leesafrikaans #filtervlinder #vlugenterug #liefvirlees #roman #romanse #skryf #skrywer #Suid-Afrikaans #liefde #liefdesverhaal #karoo